BYBELSTUDIE HEBREËRS 11:1-7

A. OPSOMMING.

Die laaste vers van hoofstuk 10 het gelui: *Maar ons is nie die wat terugdeins en verlore gaan nie, ons glo en ons sal lewe*. Die hele hoofstuk 11 is nou 'n nadere verduideliking van hierdie vers oor geloof. En om hierdie geloof prakties te illustreer, maak die skrywer gebruik van persone uit die Ou Testamentiese dae. In vers 1-2 verduidelik hy wat geloof is. Vanaf vers 3 gebruik hy die volgende indeling:

Vers 3-7: Israel se voorgeskiedenis.
Vers 8-22: Die lewe van die aartsvaders.
Vers 23-31: Uittog uit Egipte en inbesitname van Kanaän.
Vers 32-38: Rigters, koning Dawid, profete.
Vers 39-40: Afronding.

Soos voorheen genoem is geloof en hoop twee kernbegrippe in hoofstuk 11. Geloof en glo kom altesaam 25 keer voor. Die woordjie hoop verskyn in vers 1 en dan weer in ander vorme soos: uitsien en
Verlang na [11:10,16,26].

Geloof en hoop kan daarom nie van mekaar losgemaak word nie. Wat is die resultaat van geloof en hoop? Niks anders nie as volharding [27]. Ons kan dit so voorstel: geloof + hoop = volharding!

VERS 1-2.

Hierdie verse vorm die inleiding. Geloof word hier beskryf as seker wees. Hierdie woord beteken eintlik fondament of grondslag. Ons kan dus sê: geloof is die fondament van die dinge wat ons hoop. Dit is baie belangrik om te verstaan dat die geloof waarvan hier gepraat word, nie 'n subjektiewe sekerheid is nie. Die Griekse woord wat gebruik word beteken dat geloof 'n sekerheid is wat God aan ons gee.
Waarop is hierdie geloof gerig? Op die dinge wat ons hoop, m.a.w. op die beloftes van God soos vervul in Jesus Christus.
Verder is die geloof 'n oortuiging dat dit wat ons nie sien nie, bestaan. Hierdie dinge kan alleen aanvaar word as iemand glo. Die woordjie wat vir oortuig gebruik word, word deur Louw en Nida met bewys vertaal. Daarom sou hierdie vers beter lees:

Geloof is as't ware die bewys wat God aan ons gee
dat Hy die dinge wat ons nog nie kan sien nie, waar
sal maak.

Die skrywer het nou gesê wat hy onder geloof verstaan. In vers 2 verduidelik hy dat hy uit die Ou Testament gaan bewys dat dit wat hy gesê het, waar is.

VERS 3-7.

Hierdie gedeelte handel oor Israel se voorgeskiedenis. Voordat die skrywer sy getuienis oproep, begin hy heel voor by die skepping. Niemand was by die skepping teenwoordig nie. Maar hierdie sienlike wêreld het ontstaan deur die woord van God. Dit kan alleen deur die geloof verstaan word.

Vanaf vers 4 begin hy die getuienis een vir een inroep. Abel is eerste. Die kwaliteit van Abel se geloof blyk uit die volgende drie aspekte:

- Dit het iets aan sy offers gedoen.
  Sy geloof het aan sy offers 'n kwaliteit gegee wat vir God lieflik was.
- Dit het iets aan homself gedoen.
  Dit het hom uitgewys as 'n opregte man. Ons sou nog beter kon sê: as iemand wat aan God gehoorsaam is. Abel het in 'n regte geloofsverhouding met God gestaan. Sy gehoorsaamheid het daaruit voortgevloei. 'n Opregte geloof sonder gehoorsaamheid is vir Hebreërs onmoontlik [vgl. Rom1:5; Jak,2:14-16].
- Dit het iets aan sy getuienis gedoen.
  Sy geloof en hoop was van so 'n kwaliteit, dat dit 'n boodskap nagelaat het: *deur dieselfde geloof spreek hy nou nog, al is hy dood*.

VERS 5-6.
Henog is deur God van die aarde oorgeplaas na die hemel. Hy het die dood nie geken nie. Maar regdeur word daar getuig dat hy God *behaag* het. "Behaag" is 'n vertaling vir die Hebreeuse "met God wandel". Om met God te wandel beteken dat hy deur die geloof aan God gebind was. Hy het gedurig met God verkeer. Daar was besondere gemeenskap tussen hom en God.
In vers 6 word verder op die gedagte van *behaag* ingegaan. As daar nie geloof aanwesig is nie – is dit geheel en al onmoontlik om God te behaag. Alleen deur Geloof kan die mens doen wat God wil. Waarin moet hy glo? Hy moet in die onsienlike glo – naamlik dat God bestaan.

VERS 7.
Noag het net soos Henog, naby God geleef [Gen.6:9]. Om net op grond van God se opdrag, teen alle sienlike in, 'n ark te bou en vir bykans 120 jaar daarmee besig te wees, wil gedoen wees. Volgens 2 Petrus 2:5 het hy gedurende hierdie tyd ook nog vir sy eie geslag gepreek. Vir Hebreërs gaan dit om Noag se absolute Godsvertroue.

B. <u>VRAE</u>.

1. Hoe bewys 'n mens dat jy God vertrou?

2. Wat beloof God aan diegene wat op Hom vertrou?

3. Wat is geloof? [in u eie woorde, 11:1].

4. Lees weer Hebreërs 11:4. Aan watter maatstawwe moet 'n mens voldoen, om soos Abel, 'n geleefde preek te wees?

5. Wat was die besondere van Henog se geloof [5-6]?

6. En Noag se geloof?

C. ANTWOORDE.

1. Deur geloof, hoop en volharding.

2. In die eerste plek sekerheid in die geloof. Daarom word geloof beskryf as 'n seker wees. Die Griekse woord wat vir hierdie seker wees gebruik word [hupostasis], dui iets buite onsself aan. Dit dui op 'n sekerheid wat God aan ons gee.

In die tweede plek die belofte van verlossing in Christus en die ewige lewe waarop ons hoop gerig is.

3. Geloof is die vaste sekerheid dat alles wat ons hoop en nie kan sien nie, waar is. Dit is opvallend dat die Hebreeuse woord vir geloof dieselfde is as amen en wys op iets wat vasstaan, waarvan ons seker is.
   Die Griekse woord [pistis] is afgelei van 'n werkwoord wat oorreed beteken, en gee te kenne dat die siel innerlik ten volle oortuig is. Die hoop dui op al God se beloftes in Christus. So bind geloof ons aan die onsigbare wêreld.

4. Ek moet 'n opregte mens wees. Dit beteken dat ek in 'n regte geloofsverhouding tot God moet staan, naamlik: gehoorsaamheid. Dit moet blyk uit my alledaagse lewe en optrede.
   My diens aan God [Abel se offer] moet eerlik en opreg wees. Dit moet blyk uit my omgang met Woord, gebed en die erediens.

5. Henog het met God gewandel. Dit beteken dat hy geleef het soos die Here wil. Daardeur het hy 'n volhardende geloof openbaar.

6. By Noag is sprake van absolute Godsvertroue.

****